EREDIENSBYWONING IN VLAK 1

- Slegs vier toegangsdeure sal gebruik word.
  Twee vir die kerk en 2 vir die saal.
- By dié deure moet hande gesaniteer word.
- Die saal sal egter apart wees van die ouditoriumdeel sodat dit hanteer word as twee aparte lokale ("venue's") soos gestipuleer in die regering se regulasies.
- Maskers is verpligtend om te dra en sosiale afstand moet so ver as moontlik gehou word. Gesinne mag wel bymekaar sit.
- Die Kerkraad wil die lidmate vra om die verantwoordelikheid van die hantering van die veiligheidsmaatreëls en persoonlike beskerming teen die Covid virus, al hoe meer op hulle self te neem.
- 250 persone word in die ouditorium toegelaat.
- Op 'n "eerste kom, kry eerste toegang" basis met die oorvloei na die saal as die ouditorium deel van die kerk sou vol word.
- Slegs elke 2de ry banke mag beset word in ouditorium.
- 100 persone in die saal.
  Stoele sal vooraf so geplaas word om sosiale afstand te bevorder
- Indien die saal ook dan sou vol loop is daar nog die opsie om die erediens te volg op jou motorradio by FM 108 MHZ.
- Liefdegawe sal slegs by die deure opgeneem word. SnapScan metode word ook aanbeveel, liefdegawe as verwysing. (Sien instruksies elders).
- Sang? Lidmate kan self besluit of hul met masker aan wil sing, al dan nie.
- Geen tee/koffie na die erediens. (Alhoewel sosiale byeenkomste ook nou toegelaat word in vlak een se regulasies, het die Kerkraad gereken dat die risiko hier rondom nog te groot is en samedromming daarvoor op ons terrein moeilik beperk sou word en onnodige blootstelling kan bring vir ons lidmate).
- 08:30 erediens word nog steeds regstreeks uitgesaai.
- **Jeugbediening sal vanaf 4 Oktober 2020 begin in die onderskeie lokale tussen die eredienste**.
- Sanitasie maatreëls sal tussen die eredienste in plek gestel word.
- Tydens Doop en Belydenisaflegging sal die betrokke families en hul gaste voorkeur kry in die ouditorium gedeelte. Dié datums is sigbaar by die Preekrooster wat in Wapadrant E-Nuus verskyn.

EREDIENSTE VANAF 4 OKTOBER EN VERDER AAN

08:30 Erediens Kontemporêre en Klassieke styl
(Hierdie erediens sal ook die enigste een wees wat op FB uitgesaai word)
10:30 Erediens Klassieke styl

Sien opskrif "Erediensbywoning in vlak 1.